Process Safety Beacon

http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx

**Boodskap aan bedryfspersoneel**

**Geborg deur CCPS ondersteuners**


# Stoor en vervoer van gevaarlike stowwe

**Oktober 2010**













Almal in jou aanleg werk versigtig wanneer dit kom by die vervaardiging van gevaarlike stowwe, maar dit is nog nie die einde nie! Hoe stoor ons produkte, by-produkte en gevaarlike afval wat vervaardig is? Hoe verseker jy veilige vervoer na klante and afvalverwerkingsfasiliteite? Dinge kan steeds verkeerd gaan en die fotos wys ’n paar voorbeelde:

1. ’n Drom met gevaarlike afvalmateriaal in ’n stoor was gekontamineer met onversoenbare materiaal. Dit het begin reageer en die drom het ontplof, deur die dak geskiet (sien pyl) en op die dak beland.
2. ’n ISO-houer met vlambare materiaal het aan die brand geslaan tydens vervoer op die oop pad.
3. ’n Reaktiewe monomeer is gelaai in ’n spoorwegtenk met die verkeerde belyning binne in die tenk. Die monomeer is gekontamineer met yster van die tenkwand, die polimerisasiereaksie het begin en die vrag het later ontplof.
4. Gebruikte lithiumbatterye is verkeerd verpak en het tydens vervoer na die afvalfasiliteit begin brand.

## Wat kan jy doen?

- Maak seker alle houers, van klein monsterbottels tot groot vragte, is behoorlik gemerk sodat almal sal weet wat daarin is.
- Etiketeer laboratorium- en aanlegafvalhouers met wat daar ingegooi mag word en wat nie.
- Moenie verpakte afval langer op die aanleg stoor as wat nodig is nie.
- As jy produkte laai vir vervoer, maak seker jy verstaan al die nodige vereistes om dit veilig te kan vervoer. Dit sluit die regte houers, etiketering, vervoerdokumente en ander vereistes in.
- Inspekteer leë houers VOORDAT jy dit volmaak met gevaarlike stowwe. Kyk vir potensiële kontaminasie en lekpunte.
- Ken die vereistes vir die veilige stoor van materiale in stoorgeboue en ander stoorplekke, en maak seker die vereistes word nagekom.
- Volg jou aanleg se prosedures om gevaarlike stowwe te ontvang, insluitende die nagaan van vervoerdokumente, etikette en hoe om te maak as van die houers lek.
- As jy op enige plek in jou aanleg beskadigde houers raakloop wat lek, rapporteer dit dadelik sodat aksie geneem kan word voordat iets gebeur.

***Stoor en vervoer gevaarlike materiale veilig!***

AIChE © 2010. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for the purpose of resale by anyone other than CCPS is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.

**The Beacon is usually available in Afrikaans, Arabic, Chinese, Danish, Dutch, English, French, German, Greek, Gujarati, Hebrew, Hindi, Hungarian, Indonesian, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Norwegian, Persian, Polish, Portuguese, Russian, Spanish, Swedish, Tamil, Thai, Telugu, Turkish, Urdu, and Vietnamese.**